hy is nog al wat oor is
wat by die nagmaal was, en Jesus gesien het.

Petrus skryf ook uit Rome, voor hy **64nC** onderstebo gekruisig is: 1 Petrus 5:12,

"Die gemeente in die heidenstad Babilon
skuilnaam vir heidense Rome
stuur vir julle groete
asook Markus, my seun, stuur vir julle groete
soen mekaar met 'n soen van Christelike liefde."

Markus, die droster, die man met die Alibi, die man wat gedurig 'n ander program het, op die einde van die dag soos Naas sê, op die heel einde, was niemand anders by Petrus nie, en Paulus nie, as Markus, en Markus besoek hulle in die tronk in Rome, en kry sy feite agtermekaar, en Markus Johannes skryf die 1e evangelie, **evangelie** van Markus. Nie 1 vd ander evangelies gebruik die woord evangelie nie, evangelie beteken
"goeie nuus".

Dis absoluut tragies as mense die Here se diens verlaat.
Maar, die Gees sal dit nie toelaat nie.
Markus is trug in die kring van die lig, hy skryf die grootste evangelie, raak miljoene mense aan.

Amen.

truellove

(o ja, nog iets, so, wat sê dit nou vir jou , en my, en ons?)

DIE HERE GEBRUIK JOU

AN ALIBI IS JUST ANOTHER LIE

Ons sluit by Markus aan, dis 29 April in die jaar 30 nC, 'n Donderdagmiddag, net soos die son sak, Markus dra 'n kan water na sy moeder se huis vir die nag se gebruik.

Markus 14 vanaf :12, net voor Jesus se Lydensweg
vra Jesus se dissipels vir Hom, "Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die Paasmaaltyd te eet?" :12

Markus 14: 13 – 15 sê Jesus: "gaan stad toe
julle sal daar iemand ontmoet wat 'n huis het , hy sal 'n kruik water na sy huis toe dra, gaan agter hom aan, huistoe
en vra vir eienaar van die plek, Ons Leermeester vra na plek om saam met Sy dissipels te eet, daardie tannie het sowaar al klaar die vertrek vir julle leeggedra, julle moet daarso kos maak vir die Paasete."

Johannes Markus sy volle name. So word Johannes Markus 1 van die gaste, hy weet eintik niks van Jesus nie, maar hy is 'n gas. Jesus vee 3ooo jaar se Pasga vd tafel af., en bring die nuwe ete van die Here, daardie aand.

Dit is My bloed. Dit is My lyf. Wat vir julle gaan breek
Markus is daar, getuie vd grootste oomblik ooit
en
Markus is getuie OOK LATER
Markus 14: 50 "Toe het al Sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop." En sal hy vergeet?
" 'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan, met net 'n doek om sy lyf, die mense gryp hom toe, maar hy het die doek gelos en kaal weggehardloop." Lukas 14 :51 + 52